



# WETSONTWERP

**Om voorsiening te maak vir die instelling, samestelling, oogmerke en funksies van 'n Wes-Kaapse Provinsiale Jeugkommissie; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan**

## AANHEF

AANGESIEN dit nodig is om 'n verenigde nierassige, nieseksistiese en vooruitstrewende samelewing te skep waarin die jeug van Suid-Afrika provinsiale versoening en eenheid kan bevorder, 'n nuwe patriotisme kan bou en vrede, geregtigheid en 'n kultuur van menseregte kan kweek en ekonomiese ontwikkeling in die Provinsie kan bevorder;

EN AANGESIEN dit gebiedend is dat Suid-Afrika die rol erken wat die jeug gespeel het en nog gaan speel in die samelewing, en aangesien die jeug in die Wes-Kaap 'n energieke, skeppende en die grootste sektor van ons bevolking uitmaak, en in die lig van die uitdagings waarmee hierdie sektor te kampe gehad het en steeds te kampe het as gevolg van die wisselende mate van armoede en vaardigheidsgebreke waarmee hulle belas is;

EN AANGESIEN dit nodig is om die wanbalanse van die verlede reg te stel en om 'n provinsiale jeugbeleid te skep wat daarop gemik is om die jeug te bemagtig en hulle in staat te stel om hulle volle potensiaal te verwesenlik deur optimale toegang tot geleenthede, en om aandag te skenk aan die sosio-ekonomiese uitdagings van die jeug in die Provinsie;

**W**ORD DERHALWE BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

## Woordoms krywing

1. In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—
  - 5 “**hoof uitvoerende beampte**” die hoof uitvoerende beampte van die Kommissie ingevolge artikel 9(1) aangestel;
  - “**jeug**” 'n persoon tussen en insluitende die ouderdomme 14 en 35 in die Provinsie;
  - “**komitee**” 'n komitee deur die Kommissie ingevolge artikel 8(1) ingestel;
  - 10 “**Kommissie**” die Wes-Kaapse Jeugkommissie by artikel 2(1) ingestel;
  - “**lid**” 'n persoon ingevolge artikel 4(6) aangestel;
  - “**Nasionale Jeugkommissie**” die Nasionale Jeugkommissie ingestel ingevolge artikel 2(1) van die Wet op die Nasionale Jeugkommissie, 1996 (Wet 19 van 1996);
  - 15 “**ondervoorsitter**” die ondervoorsitter van die Kommissie ingevolge artikel 4(7) aangewys;

- “**Premier**” die Premier van die provinsie Wes-Kaap;  
 “**Provinsiale Interdepartementele Komitee oor Jeugsake**” ’n komitee bestaande uit amptenare in die Provinsie, wat elk ’n ander provinsiale departement oor jeugsake verteenwoordig;
- 5 “**Provinsiale Parlement**” die Provinsiale Parlement van die Provinsie soos bepaal by artikel 9 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998);  
 “**Provinsie**” die provinsie Wes-Kaap, ingestel by die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);  
 “**Sif- en Keurkomitee**” die Staande Komitee op bestuur van die Provinsiale  
 10 Parlement van die Wes-Kaap;  
 “**Suid-Afrikaanse Jeugraad (Wes-Kaap)**” ’n niestatutêre liggaam wat jeugontwikkelingsorganisasies van die burgerlike samelewing in die Provinsie verteenwoordig; en  
 “**voorsitter**” die voorsitter van die Kommissie ingevolge artikel 4(7) aangewys.

## 15 Instelling

2. (1) ’n Kommissie wat as die Wes-Kaapse Provinsiale Jeugkommissie bekend staan, word ingestel met die bevoegdhede en pligte wat by of kragtens hierdie Wet of enige ander wet aan hom verleen of opgedra is.  
 (2) Die setel van die Kommissie moet deur die Premier bepaal word.

## 20 Oogmerke

3. Die oogmerke van die Kommissie is —
- (a) om die status van die jeug en jeugontwikkeling in die Provinsie te monitor, te evalueer en daarvoor verslag te doen;
- 25 (b) om eenvormigheid van benadering deur alle organe van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap tot aangeleenthede rakende of met betrekking tot die jeug te bevorder;
- (c) om aanbevelings en riglyne rakende enige aangeleenthede wat die jeug kan raak, te ontwikkel;
- 30 (d) om die jeug van uiteenlopende kulturele agtergronde, godsdiensige oortuiging of politieke affiliasie te verenig en ’n gees van patriotisme by hulle te kweek; en
- (e) om doeltreffende skakelings tussen die Nasionale Jeugkommissie en die Provinsie en tussen die Provinsie en munisipaliteite in die Provinsie te vorm.

## Samestelling en aanstelling van Kommissie

- 35 4. (1) Die Kommissie bestaan uit hoogstens drie voltydse lede en hoogstens ses deeltydse lede wat deur die Premier aangestel word, wie se name in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer moet word en wat —
- (a) ’n breë deursnee van die jeug van die Provinsie moet verteenwoordig en die balans tussen jeugdigheid en ervaring moet weerspieël;
- 40 (b) moet vir sodanige aanstelling geskik wees op grond van enige kwalifikasie, kennis of ondervinding rakende die funksies van die Kommissie; en
- (c) jeugdige moet wees.
- (2) Die Premier moet, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en sodanige ander media as wat nodig geag word, benoemings vra vir aanstelling as lede ingevolge  
 45 subartikel (1).
- (3) Die kennisgewing in subartikel (2) bedoel, moet—
- (a) ’n sluitingsdatum vir die voorlegging van benoemings bepaal, en hierdie datum mag nie minder as 30 dae na die datum van publikasie van die kennisgewing wees nie;
- 50 (b) vereis dat die benoemer redes vir die benoeming moet verstrek, wat gepaard moet gaan met ’n afskrif van die benoemde se *curriculum vitae* en ’n ondertekende verklaring deur die benoemde dat hy of sy bereid is om in die Kommissie te dien; en
- (c) die aanstellingsvereistes van die aangestelde persoon vermeld soos in  
 55 subartikel (1)(a) en (b) beoog.

(4) Die Premier moet binne sewe dae na die sluitingsdatum vermeld in die kennisgewing wat ingevolge subartikel (2) gepubliseer is, die benoemings aan die Sif- en Keurkomitee voorlê.

(5) Binne 14 dae na ontvangs van die benoemings moet die Sif- en Keurkomitee 'n kortlys van benoemdes saamstel, wat deur die Premier in die *Provinsiale Koerant* en sodanige ander media as wat nodig geag word, gepubliseer moet word vir kommentaar deur die publiek, wat binne 21 dae na die datum van publikasie voorgelê moet word: Met dien verstande dat die Premier aanpassings aan die kortlys kan aanbring as dit nodig geag word.

(6) Na oorweging van die kommentaar in subartikel (5) bedoel, moet die Premier die lede skriftelik aanstel.

(7) Die Premier moet een van die lede as voorsitter en nog een as ondervoorsitter aanwys.

### Ampstermyn

5. (1) 'n Lid word skriftelik aangestel vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar wat deur die Premier bepaal word.

(2) 'n Lid wie se ampstermyn verstryk het, kan skriftelik en op dieselfde voorwaardes uiteengesit in artikel 4(1) heraan gestel word vir 'n verdere tydperk wat deur die Premier bepaal word, maar sodanige heraanstelling mag nie meer as een bykomende termyn wees nie.

### Ampsontruiming deur lid

6. (1) 'n Lid wat—

(a) sterf;

(b) bedank;

(c) skuldig bevind word aan 'n misdryf en gevonnissen word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete: Met dien verstande dat niemand as gevonnissen beskou word nie alvorens 'n appél teen die skuldigbevinding of vonnis finaal beslis is;

(d) van drie agtereenvolgende vergaderings van die Kommissie afwesig was sonder toestemming van die voorsitter;

(e) skriftelik deur die Premier ontslaan word, indien daar na die Premier se mening goeie redes bestaan om dit te doen en na voldoening aan die Promotion of Administrative Justice Act (Wet 3 van 2000); of

(f) die ouderdom van ses en dertig jaar bereik,

hou op om die amp te beklee.

(2) 'n Vakature in die Kommissie—

(a) raak nie die geldigheid van verrigtinge of besluite van die Kommissie nie; en

(b) moet so gou as wat prakties moontlik is deur die Premier gevul word deur die proses te volg wat in artikel 4 beoog word.

### Vergaderings

7. (1) Die Kommissie moet minstens kwartaalliks vergader en moet die tye, frekwensie, prosedures en plekke van sy vergaderings bepaal.

(2) Die eerste vergadering van die Kommissie aan die begin van 'n nuwe termyn moet deur die Premier bepaal word.

(3) Die Kommissie moet toesien dat notule van sy verrigtinge gehou word, wat aan die Premier voorgelê moet word binne veertien (14) dae na die vergadering waarop die notule goedgekeur is.

(4) Die kworum vir enige vergadering van die Kommissie is 'n meerderheid van die totale getal lede.

(5) 'n Besluit van die meerderheid van die lede teenwoordig op 'n vergadering is die besluit van die Kommissie.

(6) In die geval van 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid het die voorsitter 'n beslissende stem benewens sy of haar beraadslagende stem.

(7) Die Kommissie kan die Premier en die Provinsiale Parlement te eniger tyd nader oor enige aangeleentheid rakende die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigting van sy pligte of die uitvoering van sy funksies.

(8) As die voorsitter afwesig is van 'n vergadering van die Kommissie, moet die ondervoorsitter as voorsitter van die Kommissie optree, en as sowel die voorsitter as die ondervoorsitter afwesig is van 'n vergadering van die Kommissie, moet die lede teenwoordig 'n voorsitter uit hulle geledere kies om op daardie vergadering voor te sit.

## 5 Komitees

8. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan die Kommissie, met die goedkeuring van die Premier, komitees aanstel, insluitende persone met tegniese en gespesialiseerde kennis, om die funksies van die Kommissie te verrig soos wat die Kommissie aan hom opdra en om die Kommissie te adviseer oor enige kwessie wat die Kommissie bepaal.

(2) Enige komitee wat ingevolge subartikel (1) ingestel is, moet 'n lid as sy voorsitter hê en moet op 'n maandelikse basis skriftelik aan die Kommissie verslag doen oor die aktiwiteite van die bepaalde komitee.

(3) Die Kommissie kan te eniger tyd enige komitee wat ingevolge subartikel (1) ingestel is, ontbind indien die Kommissie na oorleg met die Premier van mening is dat daar goeie redes is om dit te doen.

(4) Die Premier, met die instemming van die Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies in die Provinsie, moet die besoldiging, insluitende die terugbetaling vir reis-, verblyf- en ander uitgawes, bepaal van enige persoon wat ingevolge subartikel (1) aangestel is.

## Hoof uitvoerende beampte

9. (1) Die Premier moet so gou moontlik na die aanstelling van die lede van die Kommissie, in oorleg met die Kommissie en na 'n deursigtige openbare proses, 'n hoof uitvoerende beampte aanstel, wat —

- (a) ampshalwe lid van die Kommissie is, sonder stemreg; en
- (b) die bevoegdhede uitoefen en die pligte en funksies verrig wat die Kommissie van tyd tot tyd aan hom of haar verleen of opdra om die oogmerke van die Kommissie te verwesenlik, en wat vir daardie doeleindes teenoor die Kommissie verantwoordingspligtig is.

## 30 Bevoegdhede, pligte en funksies

10. (1) Die Kommissie, benewens die bevoegdhede en funksies wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet aan hom opgedra word —

- (a) moet beginsels ontwikkel, minimumstandaarde stel en riglyne vir implementering betreffende geïntegreerde jeugontwikkeling op provinsiale vlak ontwikkel wat die regering, arbeid, die sakesektor en die burgerlike samelewing in die Provinsie sal lei;
- (b) moet geïntegreerde jeugontwikkelingsraamwerke, -strategieë, -programme, -beleide, -begrotings en -praktyke in die Provinsie monitor, evalueer en aanbevelings daarvoor, gebaseer op die beginsels, minimumstandaarde en riglyne vir implementering, aan die Provinsiale Parlement doen;
- (c) kan navorsing laat doen oor jeugontwikkeling en die algemene status van die jeug in die Provinsie op enige tersaaklike gebied, asook om die oogmerke van die Kommissie te bevorder;
- (d) moet enige wetsontwerp of voorgestelde wetgewing op enige gebied monitor vir die uitwerking en impak daarvan op die jeug in die algemeen en op jeugontwikkeling spesifiek en dienooreenkomstig aanbevelings aan die Provinsiale Parlement doen;
- (e) moet wetgewing wat 'n uitwerking op die jeug, jeugontwikkeling en die status van die jeug in die Provinsie het, evalueer en aanbevelings daarvoor doen, indien nodig;
- (f) moet 'n provinsiale jaarverslag oor jeugontwikkeling opstel en publiseer en hierdie verslag aan die Premier, die Provinsiale Parlement en die Nasionale Jeugkommissie voorlê; en
- (g) moet die impak van regeringsbeleid op enige tersaaklike gebied op die jeug in die Provinsie monitor en dienooreenkomstig aanbevelings aan die Premier doen;

- (h) moet in vennootskap met die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap verantwoordelikheid aanvaar vir die koördinerende van jeugontwikkelingsstrukture, met terugvoer aan die Premier;
- 5 (i) moet inligtings- en openbarebewustheidsprogramme ontwikkel, bedryf en bestuur om die publiek op te voed oor jeugontwikkelingsaangeleenthede en om die rol van die Kommissie in die Provinsie te verstaan;
- (j) moet enige jeugverwante kwessie uit eie beweging of by ontvangs van 'n klag ondersoek en probeer om enige geskil te besleg of enige handeling of versuim reg te stel wat deur sodanige ondersoek geïdentifiseer word;
- 10 (k) moet aanbevelings, voorstelle en versoeke rakende die bevordering van jeugontwikkeling oorweeg; en
- (l) moet, in oorleg met die Nasionale Jeugkommissie en ander provinsiale jeugkommissies, die doeltreffende samewerking van dienste gemik op die bevordering van jeugontwikkeling bevorder.
- 15 (2) Die voorsitter, benewens die bevoegdhede en funksies wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet aan hom of haar opgedra word, moet—
- (a) verseker dat die Kommissie op 'n gereelde basis vergader met tussenpose wat die Kommissie bepaal;
- (b) skakel met en tersaaklike vergaderings bywoon van die Nasionale Jeugkommissie, met terugvoer aan die Kommissie;
- 20 (c) verseker dat die Kommissie skakel en netwerk met alle ander tersaaklike provinsiale belanghebbendes, om te verseker dat die vereistes en prioriteite van die Nasionale Jeugkommissie doeltreffend oorgedra word, en om te verseker dat alle belanghebbendes voordeel trek uit ontwikkelings gekoppel aan nasionale riglyne, beleide, programme van aksie en finansieringsgeleenthede;
- 25 (d) verseker dat die Kommissie die notule van elke vergadering van die Nasionale Jeugkommissie ontvang asook enige ander jeugverwante verslae, beleidsraamwerke, programaanbevelings en enige ander tersaaklike jeugverwante dokumentasie waaruit die Provinsie voordeel kan trek; en
- 30 (e) verseker dat die notule van vergaderings van die Nasionale Jeugkommissie op vergaderings van die Kommissie ter tafel gelê word, om sodoende 'n koppeling te verseker tussen provinsiale jeugontwikkeling en die Nasionale Jeugkommissie se beleidsraamwerke, riglyne, aanbevole programme van aksie en finansieringsgeleenthede.
- 35 (3) Die lede, benewens die bevoegdhede en funksies wat ingevolge hierdie Wet of enige ander wet aan hulle opgedra word, moet—
- (a) verseker dat hulle in gelyke mate tot die doeltreffende funksionering van die Kommissie bydra;
- 40 (b) deur die werk van die Kommissie konstruktief bydra tot die verbetering van die lewensgehalte van alle jeug wat in die Provinsie woon, ongeag ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal of geboorte;
- 45 (c) verseker dat die beeld van die Kommissie as 'n bevorderaar van goeie jeugontwikkelingsbeleide en -praktyke te alle tye gehandhaaf word;
- (d) verseker dat hulle objektief en onpartydig bly in hulle hantering van alle jeugontwikkelingsaangeleenthede;
- (e) hulle funksies te goeder trou en sonder vrees, begunstiging, partydigheid of vooroordeel verrig;
- 50 (f) behoorlik ag slaan op die behoefte aan die vorming van volhoubare vennootskappe met alle sektore wat jeugontwikkeling in die Provinsie verteenwoordig, maar terselfdertyd verseker dat dit nie hulle objektiwiteit benadeel nie wanneer hulle klagtes of die behoefte aan ondersoek rakende enige sektor van die samelewing onder die Kommissie se aandag moet bring;
- 55 (g) hou by 'n kode van goeie gedrag wat deur die Kommissie ontwikkel moet word.
- (4) Die Kommissie moet noue skakeling handhaaf met instellings, liggame of owerhede soortgelyk aan die Kommissie ten einde gemeenskaplike beleide en praktyke te bevorder en om samewerking te bevorder met betrekking tot die hantering van klagtes in gevalle van oorfleuelende jurisdiksie of ander gepaste gevalle.
- (5) As deel van die versekering van gekoördineerde provinsiale jeugstrukture moet die Kommissie—

- (a) noue skakeling en netwerking handhaaf met die Provinsiale Interdepartementale Komitee oor Jeugsake wat die pogings van provinsiale departemente verteenwoordig en deur die gedelegeerde gesag in die Departement van die Premier gekoördineer word; en
- 5 (b) noue skakeling en netwerking handhaaf met die Suid-Afrikaanse Jeugraad (Wes-Kaap).

#### **Besoldiging en uitgawes van lede**

11. (1) Die besoldiging, toelaes en ander bepalings en voorwaardes van die lede van die Kommissie moet deur die Premier met die instemming van die Provinsiale  
10 Minister verantwoordelik vir finansies bepaal word.

(2) Alle uitgawes aangegaan vir doeleindes van die implementering van hierdie Wet moet bestry word uit gelde wat vir dié doel deur die Provinsiale Parlement en ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999), bewillig word.

#### **Administratiewe personeel**

15 12. Die administrasie van die Kommissie moet verrig word deur die hoof uitvoerende beampte, bygestaan deur beamptes in diens van die Provinsie wat daarvoor aangewys word deur die Direkteur-generaal van die Provinsie in oorleg met die Premier.

#### **Verslae en finansiële beheer**

20 13. (1) Bo en behalwe enige verslae wat ingevolge subartikel (2) vereis word, moet die Kommissie skriftelike kwartaalverslae oor al sy aktiwiteite aan die Premier voorlê.

(2) Die Kommissie se finansiële beheer, verantwoordingspligtigheid en verantwoordelikheid en sy pligte om verslag te doen, word gereël deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, en enige regulasies of lasgewings wat kragtens daardie Wet  
25 uitgevaardig word.

#### **Verantwoordingspligtigheid**

14. Die Kommissie is teenoor die Premier en die Provinsiale Parlement verantwoordingspligtig.

#### **Regulasies**

30 15. (1) Die Premier kan, na oorleg met die Kommissie, regulasies uitvaardig wat nie met die bepalings van hierdie Wet strydig is nie met betrekking tot enige aangeleentheid wat die Premier nodig of dienstig ag om uit te vaardig ten einde die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik.

(2) Enige regulasies met finansiële implikasies moet met die instemming van die  
35 Provinsiale Minister verantwoordelik vir finansies en met behoorlike inagneming van die beskikbaarheid van fondse uitgevaardig word.

#### **Kort titel en inwerkingtreding**

16. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op die Provinsiale Jeugkommissie, 2004, en tree in werking op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale*  
40 *Koerant* bepaal.

## VERKLARENDE MEMORANDUM

### WES-KAAPSE WETSONTWERP OP DIE PROVINSIALE JEUGKOMMISSIE

#### 1. INLEIDING

1.1 'n Progressiewe en demokratiese staat word onder andere gemeet aan die wyse waarop hy jeugaangeleenthede hanteer en sodoende verseker dat die jeug die geleentheid gebied word om in alle sferes en op alle vlakke van die lewe ten volle deel te neem. Die Wetsontwerp maak voorsiening vir die instelling van 'n Wes-Kaapse Provinsiale Jeugkommissie, met die primêre verantwoordelikheid om die provinsiale regering en die burgerlike samelewing se optrede rakende jeugaangeleenthede te monitor en te evalueer en skakelings met die Nasionale Jeugkommissie en munisipaliteite te vorm, en om jeugontwikkeling in die Provinsie te bevorder.

#### 2. KOMMENTAAR OP INDIVIDUELE KLOUSULES

##### 2.1 Klousule 1

Hierdie klousule maak voorsiening vir die vertolking en omskrywing van sekere terme wat in die Wetsontwerp gebruik word.

##### 2.2 Klousule 2

Hierdie klousule maak voorsiening vir die instelling van 'n Wes-Kaapse Provinsiale Jeugkommissie.

##### 2.3 Klousule 3

Hierdie klousule noem die oogmerke van die Wes-Kaapse Provinsiale Jeugkommissie, naamlik—

- om die status van die jeug en jeugontwikkeling in die Provinsie te monitor, te evalueer en daarvoor verslag te doen;
- om eenvormigheid van benadering deur alle organe van die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap tot aangeleenthede rakende of met betrekking tot die jeug te bevorder;
- om aanbevelings en riglyne rakende enige aangeleenthede wat die jeug kan raak, te ontwikkel;
- om die jeug van uiteenlopende kulturele agtergronde, godsdienstige oortuiging of politieke affiliasie te verenig en 'n gees van patriotisme by hulle te kweek; en
- om doeltreffende skakelings tussen die Nasionale Jeugkommissie en die Provinsie en tussen die Provinsie en munisipaliteite in die Provinsie te vorm.

##### 2.4 Klousule 4

Hierdie klousule maak voorsiening vir die aanstelling van hoogstens drie voltydse en hoogstens ses deeltydse lede en die prosedures wat by hulle aanstelling gevolg moet word.

##### 2.5 Klousule 5

Hierdie klousule maak voorsiening vir 'n maksimum ampstermyn van drie jaar vir lede en die heraanstelling van lede.



## 2.6 Klousule 6

Hierdie klousule reël die ampsontruiming deur enige lid, die gevolge daarvan en die vul van vakatures indien en wanneer dit ontstaan.

## 2.7 Klousule 7

Hierdie klousule bepaal dat die Kommissie minstens kwartaalliks moet vergader en notule van sy vergaderings moet laat hou, wat aan die Premier voorgelê moet word. Dit bepaal ook 'n kworum vir vergaderings van die Kommissie. Die voorsitter van die Kommissie het 'n beslissende stem benewens sy of haar beraadslagende stem. Hierdie klousule bepaal ook dat die ondervoorsitter of 'n ander gekose lid in afwesigheid van die voorsitter op 'n vergadering van die Kommissie kan voorsit.

## 2.8 Klousule 8

Hierdie klousule handel oor die Kommissie se bevoegdheid om met die goedkeuring van die Premier komitees aan te stel. Dit reël voorts die verslagdoening deur die komitees aan die Kommissie. Dit maak ook voorsiening vir die ontbinding van die komitees en die besoldiging van komiteelede.

## 2.9 Klousule 9

Hierdie klousule handel oor die hoof uitvoerende beampte van die Kommissie as *ex officio*-lid van die Kommissie sonder stemreg, en sy of haar pligte en funksies.

## 2.10 Klousule 10

Hierdie klousule handel oor die bevoegdhede, pligte en funksies van die Kommissie, sy voorsitter en sy lede, asook sy plig om met soortgelyke liggame en instellings te skakel ten einde gemeenskaplike beleide te kweek en samewerking te bevorder.

## 2.11 Klousule 11

Hierdie klousule reël die besoldiging en uitgawes van lede.

## 2.12 Klousule 12

Hierdie klousule reël die administratiewe personeel van die Kommissie, wat die hoof uitvoerende beampte moet bystaan met die verrigting van die administrasie van die Kommissie.

## 2.13 Klousule 13

Hierdie klousule reël die kwartaalverslae wat die Kommissie oor al sy aktiwiteite aan die Premier moet voorlê. Dit bepaal ook dat die Kommissie se finansiële beheer, verantwoordingspligtigheid en verantwoordelikheid, asook sy pligte om verslag te doen, deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gereël word.

## 2.14 Klousule 14

Hierdie klousule bepaal dat die Kommissie teenoor die Premier en die Provinsiale Parlement verantwoordingspligtig is.

**2.15 Klousule 15**

Hierdie klousule bepaal dat die Premier, na oorleg met die Kommissie, regulasies kan uitvaardig oor enige aangeleentheid wat die Premier nodig of dienstig ag vir die bereiking van die Kommissie se oogmerke.

**2.16 Klousule 16**

Hierdie klousule maak voorsiening vir die kort titel en inwerkingtreding van die Wet. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Wet op die Provinsiale Jeugkommissie. Dit tree in werking op 'n datum wat die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.